



Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2

12 April 2020

Lukas 24:36-49

Die opstanding van Jesus Christus is vir ons as gelowiges van ontsaglike waarde. Deur die opstanding bevestig waarskynlik, meer as enige ander, dat Jesus die Seun van God was wat vanuit die hemel deur die Vader gestuur was. Dit bevestig ook dat alles wat Hy gedoen en verkondig het, Hom deur die Vader gegee was en, die belangrikste van alles, dat Sy offer van Homself vir ons sondes, deur Sy Vader aanvaar was. Hierdie waarhede het God die Vader bevestig deur Jesus uit die dood op te wek. Selfs Paulus lig die belangrikheid van Jesus se opstanding uit in 1 Korintiërs 15:17: "En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevang in julle sondes."

Christus se opstanding demonstreer dan ook die ontsagwekkende krag van God en is ons waarborg dat Hy ook ons gees kan laat herleef uit die sonde-dood en aan ons 'n nuwe heilige lewe kan skenk. Ook, op die laaste dag, wanneer Jesus na die aarde sal terugkeer, ons sterflike liggame sal kan opwek om soortgelyk te wees aan Sy eie nadat Hy uit die dood opgestaan het. Lukas sê in Handeling, sy ander boek wat hy geskryf het, dat Jesus 40 dae lank saam met sy dissipels was voordat Hy na sy opstanding na die hemel opgevaar het. In Lukas 24 waar die gebeure vanaf die opstanding tot en met die hemelvaart beskryf word, lyk dit of dit alles op een dag afgespeel het. Ons hoef nie daaruit af te lei dat Lukas homself weerspreek nie. Dit is eerder die geval dat Lukas in sy Evangelie die gebeur soos 'n teleskoop in mekaar druk om die intensiteit van die verhaal te verhoog. En wat is dit? Die groot opdrag wat Jesus aan Sy dissipels en ook aan my en jou gee dat ons aan al die nasies moet vertel wie Jesus Christus is en wat Hy gedoen het. Lukas 24 leer ons dat ons bekering en vergewing van sondes aan al die nasies moet verkondig. God het deur Jesus Christus vir jou en my bekering en vergewing van sondes gegee, daarom moet ons dit ook vir ander vertel. Bekering beteken jy het in iets of iemand anders geglo en die Heilige Gees oortuig jou van Jesus Christus. Dan maak jy 'n 180 grade draai weg daarvan waarin jy geglo het en glo in Jesus Christus. Dit beteken jy leef 'n nuwe lewe as gevolg van nuwe gedagtes, en jou dae pas daarvolgens aan. Jy kan so 'n bekeerde lewe leef omdat jou sondeskuld wat jy by God gehad het, afgeskryf is – jy is vergewe; skoon gemaak. Dit is die beste en wonderlikste nuus ooit! Jesus Christus, die

Voorsang

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

Afkondigings

Belangrike inligting word gedeel.

Getuienis & Sorg

Ruimte word geskep waar ons in mekaar se blydschap en leed kan deel.

Toetrede

- Ons is almal hier tesaam (LB 164) -

Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Johannes 11:25 -

Lofprysing

- Lig vir die wêreld (F 070) -

Kinderfase

Kinders word uitgenooi om ook deel te vorm van die Erediens

Offergawe

Epiklese

- Gebed -

Skriflesing en Oordenking

- Lukas 24:36-49 -

Die Wil van die Here

- Matteus 28:19-20 -

Skuldbelydenis

- 1 Johannes 2:15-17 -

- Stilgebed -

Vrysprak

- Lukas 24:46-48 -

Geloofsbelydenis

- Ek glo in Jesus Christus -

Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

Koning van alle Konings, die Een wat ons só liefhet, sê dat ons die goeie nuus met ander moet deel, want Hy wil hê almal moet dit hoor.

Hoe maak die gedagte dat jou sondes vergewe is, jou 'n ander mens? Kan jy aan iemand dink met wie jy die Goeie Nuus wil deel?

Delf dieper Jesus het opgestaan!

#Bybelvasvra:

Hoeveel keer verskyn Jesus aan mense in die evangelies?

Is 'n nuwe toevoeging tot die Kruin-o-gram spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan

kom tot die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1) Na mekaar:

1. Hoe gaan jy te werk met jou skoolwerk?
2. Wat dink jy tans van skool? Moet dit aanhou of moet hulle net alles stop?

2) Na God:

1. Lees Lukas 24:36-49.
 - a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
 - b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Wat vertel hierdie gedeelte jou van Jesus?
3. Hoe help hierdie gedeelte ons bekering verstaan?

3) Na mense:

1. Wat is die Goeie Nuus, die boodskap wat Jesus oordra aan die dissipels?
2. Doen: Kyk of jy hierdie week met 'n een van jou bure kan gesels oor die Goeie Nuus.

Corona - COVID-19 Skakels wat help

Regering se webtuiste

<https://www.gov.za/Coronavirus>

Wêreldgesondheidsorganisasie

https://www.who.int/health-topics/coronavirus#tab=tab_1

VSA se CDC

<https://www.cdc.gov/coronavirus/2019-ncov/index.html>

Nuutste statistieke

<https://www.worldometers.info/coronavirus/>

'Lockdown' noodnommers

<https://bit.ly/covidnoodno>


JESUS HET OPGESTAAN!

LUKAS 24:36-49

In Lukas 22 en 23 lees ons die verhaal van Jesus se kruisiging. Dit begin in Lukas 22 waar Jesus se dood beplan word en Lukas 23 eindig waar Jesus sterf aan die kruis en begrawe word. Vra vir mamma en pappa om hierdie gedeelte saam met jou te lees.

Lukas 24 vertel vir ons die wonderlike verhaal van Jesus wat weer opgestaan het uit die dood. In vers 36-49 verskyn Jesus aan Sy dissipels, maar hulle skrik omdat hulle gedink het hulle sien 'n spook, maar Jesus het hulle verseker dat dit Hy is wat voor hulle staan. Wat sou jy gedink het as jy daar was?

Jesus het vir hulle gevra om vir almal te vertel dat Hy gekruisig is en op die derde dag weer opgestaan het. So, wanneer jy weer terug gaan skool toe, gaan vertel vir al jou maatjies van Jesus. Vertel dat Hy jou en my sonde vergewe het deur dood te gaan aan die kruis en dat Hy na drie dae weer opgestaan het uit die dood. Vertel vir almal die goeie nuus.



Verjaarsdae

Sondag 12 April

Eileen Diedericks	082 679 5669
Michael Grundling	012 803 1711
Mikhayla Human	
Petro Rudolph	012 804 7726

Maandag 13 April

Sanette Mostert	079 056 2928
Deon Potgieter	072 689 9155
Riaan Prinsloo	012 804 5931
Sheralyn Steyn	012 804 2690

Dinsdag 14 April

Lettie Redelinghuys	012 804 8064
---------------------	--------------

Woensdag 15 April

Melani Els	012 804 6452
Stephan Meyer	
Ansu Visser Snr	072 077 1540

Donderdag 16 April

Riaan Pretorius	012 804 4427
Jason Steyn	084 450 7933

Vrydag 17 April

Cesar de Almeida	
Juno Els-Pretorius	012 804 8475

Saterdag 18 April

Alna de Almeida	082 883 2651
Leonay Landman	082 886 1333
Otto Saayman	012 804 8852
Herman Schonken	012 332 5980

Beste wense vir 'n gelukkige
Nuwe lewensjaar !!

Gebedslys

KANKER - KONSTANTE VOORBIDDING

CHARLES DU PLESSIS - NEELTJIE BARNARD - RIA POTGIETER
INA SHAKELTON - ESTER BOSHOF - WILMA SWANEPOEL
MAXIE LAUBCHER - KAREN BOTHA - FRANS STONE
JOHNNY REDELINGHUYS - TERRY SCHOEMAN - MINIE ERASMUS
ELLENY ENGELBRECHT - MINA VAN JAARVELD
FLIP ROODT - TARIEN JOOSTE - BETS GREYLING
MARQUESTA PIENAAR

GESONDHEID - KONSTANTE VOORBIDDING

KATHY BELELIE - KOOS BARKHUIZEN - TIENIE WESSELS
SARIE VERMAAK - POP SWART - DELPORT GESIN - JOHAN VOSTER

AFSTERWE - ONS BID VIR HUL GELIEFDES

MIMI FOURIE SE SEUN
MARTIE MARAIS - DRIES CLAASEN - LOUISA STEYN
WILNA KRIEK - MARIE VERMEULEN

OPERASIES

CHRIS KAPP - TIENIE VAN TONDER - ELSA COETZEE

SWANGERSKAPPE

LIZE EN ALEXIS KOK
TALITA EN FRANCOIS MOLLER

GEBOORTES

BABA NOAH NAGTEGAAL (OUERS - MARTYN EN ANNELIZE)

Nagmaal in my sitkamer

Donderdag 09 April om 18:00
Skakel in op ons Youtube-kanaal

Webtuiste:
www.silvertonkruin.com

Facebook:
@Silvertonkruin

Instagram:
@Kruinjeug2019

Kerkkantoor:

Telefoon: 012 804 3577
Faks: 086 545 7151
e-posadres:

silvertonkruin@absamail.co.za

Kerkkantoor ure:
Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00

Bankbesonderhede:
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

The rewarding way to pay



SCAN TO PAY

Volgende Sondag
19 April 2020:
Psalm 16
Liturg:
Ds. Vanwyk Fischer